

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 197

(Junie 1985)

Jesus praat aan die KRUIS, oor ons:

* * * * *

"Vader, vergeef hulle, want hulle
weet nie wat hulle doen nie!"

(Lukas 23:34)

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

'n Kykie op Jesus se lyde

Ons kla so maklik. Ons is so negatief.

Groet iemand ons en vra hoedat dit met ons gaan, dan sê ons: "Niks om oor te kla nie."

Waarom nie positief antwoord: "Dit gaan goed, dankie." Is dit dalk omdat ons so baie lyding om ons sien? Siekte . . . pyn . . . dood . . . ouderdom . . . werkloosheid . . . hongersnood. Kortom:

Lyding en nogmaals lyding.

Kyk maar net om jou en die spore van lyding lê uitgekerf op elke lewensterrein.

Maar weet óns werklik wat lyding is? As ons na die vleeswording van die Here Jesus kyk, is daar net *lyding*.

'n Onvergelykbare smart. Kom ons neem die spoor: "Hy was in die begin by God. Alles het deur Hom tot stand gekom:

Ja, nie 'n enkele ding wat bestaan, het sonder Hom tot stand gekom nie." (Joh. 1:2, 3.)

In die begin het die Vader dus deur die Seun geskep, deur slegs woorde te spreek.

Die Seun het dus alles gemaak: Aarde, plante, diere en mense.

As ewige God het Jesus toe vlees geword en onder ons kom woon — gebore uit die maagd Maria deur die Heilige Gees. Ons lees in Luk. 1:31, 32: "Jy sal swanger word en 'n seun in die wêreld bring en jy moet Hom die naam Jesus gee. Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word."

Kan ons ons dit indink dat Hy as Almagtige, as God, wat ook vir Maria, net soos enige ander mens in aansyn gebring het — Hy totaal afhanklik van háár moes word, waar sy in haar menswees van Hom afhanklik is. Om aan haar bors te lê.

In haar arms gekoester te word. Gevoed te word. Geklee te word. Honger te kry. Moeg te word.

Waarlik — dit is lyding wat ons nie verstaan en begryp nie. Om ons net so 'n ietsie te laat begryp:

As jy as mens met al jou verstand en gawes nou meteens 'n volkome dier moet word en uit 'n dier gebore moet word en dierlik afhanklik te word!

Swaar gelaai aan inhoud en diepte hoor ons die profeet Jesaja sug as hy onder leiding van die Heilige Gees 'n toekomsblik op Jesus kry: "Baie mense was ontsteld oor Hom, Hy was so misvormd dat Hy nie meer soos 'n mens gelyk het nie, nie meer die voorkoms van 'n mens gehad het nie." (Jes. 52:14.) Deur lyding om ons ontwil het Hy nie eers meer soos 'n mens gelyk nie. *aangrypend* . . .

Hy het selfs bloed gesweet. (Luk. 22:44.)

As ons al hierdie smartlike lyding sien, pas dit ons dan nie, waar ons weet dis om ons ontwil dat Hy só moes ly, om uit DANKBAARHEID *positiewe* christene te wees nie?

Al moet ons ook hoeveel pyn en lyding verduur, dit weeg nie op teen die ewige heerlikheid wat op ons wag nie.

As ons na Christus in die geloof kyk — gaan dit *ALTYD* goed met ons.

Ds. Andries H. Mulder

Kruiswoord

(Luk. 23:34)

"Vader vergeef hulle want hulle weet nie wat hulle doen nie".

*Oor die kruisneersinkend, bid Hy:
"Vader, ag vergeef hul dit,
want hul weet nie wat hul doen nie."
As Hy so sy bede bid
dan weerklink daar, slag na slag,
hamerhoue van die wag.*

Die eerste kruiswoord wat die Here Jesus uitspreek, terwyl Hy in die bloedige son aan 'n kruispaal hang, is 'n bewys van sy goddelike liefde.

1. Hy bid vir sy *vyande*.
2. Hy bid vir sy *Eie*, die wat hom verlaat het.

Hy bid vir sy vyande

- Die skares wat geskreeu het — "Kruisig, Kruisig hom".
- Die owerpriesters wat saam met die skrifgeleerdes en ouderlinge spot.
- Die skare wat vir hierdie skouspel bymekaar was, het op hulle borste geslaan.
- En die één wat saam met Hom gekruisig is, het hom bespot.

Dan nog Herodes, Annas die hoëpriester, Pilatus, die soldate en almal wat deur die aanhitsing van die owerpriesters hom gespot en gegesel het. Vir hulle almal bid die Here Jesus. "Vader vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie".

- Hulle weet nie hulle kruisig — Jesus, die Christus die Seun van die lewende God nie.
- Hulle weet nie hulle kruisig — Jesus, die Verlosser, die Saligmaker, die Heiland nie.
- Hulle weet nie hulle is in die hande van die groot teenstander, die vernietiger, die duiwel, die *Satan* nie.

Bid u vir u vyande?

- Bid u vir die mense wat aan u leed berokken?
- Bid u vir die mense wat u haat, u belaster, u spot?
- Bid ons selfs dat die *Here* die lig van liefde in Jesus Christus in elke terroris se hart moet laat skyn.
- Bid ons dat die dief wat my besteel het, deur die Evangeliewoord gered word en hom van sy bose weg te bekeer.
- Bid ons vir die vyande van die geloof, dat die *Here* hulle tot inkeer bring en dat sy vrede ook in hulle harte kan heers.

Hy bid vir sy Eie

Maar in hierdie onheilspellende uur bid die Here Jesus ook vir die wat hy so lief het.

Die verskriklike smart, lyding en pyn wat Hy moes deurmaak, is nog verder verdiep deur en vererger — omdat dié wat naby Hom was — Hom verlaat het.

Van sy dissipels het gevlug, ander het saam met sekere vroue alles van vér af aanskou.

Petrus het Hom in die voorafgaande nag verloën.

In die laaste smartvolle ure is Hy alleen.

Vir hulle bid die Here Jesus

"Vader vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie."

- Hulle weet nie dat Hy die toorn van God dra nie.
 - Hulle weet nie dat Hy 'n stryd teen die Satan ten bloede toe stry nie.
 - **Hulle weet nie dat Hy besig is om 'n losprys te betaal nie — 'n losprys om hulle te verlos nie.**
 - Hulle weet nie dat sy Middelaarswerk 'n hoogtepunt bereik nie.
 - Hulle weet nie dat Hy nou vrede bewerk *nie*.
-
- ✓ Bid u en ek ook vir die mense wat die Here Jesus verlaat het.
 - ✓ Bid u vir hulle wat weggedwaal het van die Kerk.
 - ✓ Bid u vir hulle wat alles van ver af aanskou.
 - ✓ Bid u vir hulle wie se plek leeg is in die Kerk.

Die Here Jesus bid nog steeds.

Hy bid vir u en my:

Vader vergeef hulle ter wille van my, U Seun.

Ds. L. H. van Schaik.

Vandag . . . in die Paradys

Daar op Golgota . . . op daardie eerste Goeie Vrydag . . . het drie kruiselinge gehang... langs mekaar!

In die middel: **Jesus Christus — onskuldig ter dood veroordeel.**

En weerskante van Hom: Twee misdadigers — *skuldig* tot die dood toe.

In Lukas 23 sien ons dat hierdie drie . . . wat almal gemartel word tot die dood intree . . . in gesprek is. Die een misdadiger spot en hoon en beledig Jesus saam met die gepeupel om die kruis. In magteloosheid en ongeloof verkwalik hy Jesus: As u die Christus is — red Uself en ons (Luk. 23:39).

Help tog . . . asseblief . . . red my — maar dis in ongeloof en desperaatheid om die dood vry te spring, wat hy *homself* wil red. Maar . . . dit kan nie!

Dan die ander misdadiger — wat stil geword het omdat die Heilige Gees berou gewerk het — kon nie langer sy vriend se laster aanhoor nie.

"Is jy nie bang vir God nie? Ons ondergaan dieselfde straf as hierdie man.

In ons geval is dit regverdig — ons ontvang die verdiende straf vir ons dade. Maar hierdie man het niks verkeerd gedoen nie!" (Luk. 23:40 en 41.)

Sien jy God se genade, geliefde Leser? Op sy "sterfbed" ontvang hierdie tweede misdadiger vergifnis . . . genade! Hy het gehoor hoe Jesus bid:

"Vader vergeef hulle!"

Jesus bid? Dan kan Hy hóm ook mos red?

Daarom sy smeking in vers 42: "Dink aan my wanneer U in U Koninkryk kom".

En dis tog waarom Jesus daar hang, om sondaars te red. Daarom doen Jesus dit . . . sê Hy dit vir hierdie misdadiger' "Vandag sal jy saam met my in die Paradys wees".

— dis waarvoor Jesus sterf

— vir daardie misdadiger

— vir jou en my: Om sondaars te red tot 'n ewige Paradys — *heerlikheid!*

Glo jy in Christus? *Doen* dan wat Hy van jou vra in Sy Woord! En hierdie *kruiswoord* sal in vervulling gaan:

Vandag . . . op my sterfdag . . . saam met Jesus in die Paradys. Dit is die heerlike vooruitsig vir elkeen wat *GLO!*

Ds. Nico Ligthelm.

Daar is u seun . . . daar is jou moeder

(Joh. 19:26, 27)

Aan die kruishout op die heuwel Golgota net buite Jerusalem, hang Jesus Christus, die Seun van God.

Daar naby staan Maria, die moeder van Jesus, en Johannes, die dissipel vir wie Hy baie lief was.

Stilswyend aanskou hulle hul geliefde, sterwend aan die kruis — en hulle is oorstelp deur verdriet, en eensaam in hulle smart. Toe Jesus hulle sien, klink daar uit Sy mond die derde kruiswoord: "Daar is u seun", sê Hy vir Maria, en vir Johannes: "Daar is jou moeder".

Dit is aangrypend dat Hy in die uur van Sy bitterste lyding, nog in ontferming dink aan die eensaamheid van Sy moeder.

In sy sterwensoomblikke dink Jesus nie aan Homself nie, maar aan andere:

- eers aan Sy vyande wat Hom gekruising het; (Luk. 23:24).
- dan aan die misdadiger wat langs Hom aan die kruis hang; (Luk. 23:43).
- en ook aan Sy moeder tot wie Sy liefde uitgaan in haar groot verdriet.

Waar sy nou haar Seun aan die dood moes afstaan, vertrou Hy haar toe aan die sorg van Sy geliefde dissipel Johannes. Hy het dadelik die bedoeling van Jesus se woorde begryp. Van dié dag af het hy vir Maria in sy huis geneem, en haar soos sy eie moeder versorg.

Maar hierdie derde kruiswoord openbaar nog meer. Maria en Johannes was geen eie familie van mekaar nie — maar met hierdie woorde van Jesus bevestig Hy die *geestelike* familieband wat tussen hulle bestaan as vrug van sy middelaarswerk aan die kruis.

Jesus het een maal gesê: "Elkeen wat die wil doen van my Vader wat in die hemel is, dié is my broer en my suster en my moeder" (Matt. 12:50). En Hy het aan die kruis gesterf om 'n hoër en inniger familieverbintenis te skep as net die natuurlike familiebande.

Bloedverwantskap is alleen 'n *tydelike* instelling van God — op die nuwe aarde sal dit nie meer bestaan nie. Maar Christus het deur sy verlossingswerk die *geestelike* familieverband daargestel — 'n band tussen kinders van die Here, tussen huisgenote van God, tussen broers en susters in die geloof, —'n familieband wat *ewig* bly bestaan!

Waar die dood van Jesus die *natuurlike* familieverbintenis met sy moeder verbreek het, word sy in die derde kruiswoord opgedra aan die sorg en liefdebetoon van die *geestelike* familieband.

Só bewys Christus sy barmhartigheid aan haar en aan elke gelowige. Aan die kruis het Hy die geestelike verwantskap afgekondig. En daarom is geen gelowige ooit sonder familie nie. In Christus bly ons steeds deel van die huisgesin van God;

- in Hom sal daar vir ons altyd broers en susters in die geloof wees;
- in en deur Hom word ons geroep
 - om mekaar by te staan,
 - na mekaar om te sien, en
 - mekaar lief te hê.

Wat 'n genade! In die derde *kruiswoord* sê Jesus vir elke gelowige: *Dáár is jou broer, jou suster, jou moeder . . .!*

Ds. Pieter van der Walt.

Eli, Eli, Lema Sabagtani?

Matt. 27:46: "My God, my God, Waarom het U My verlaat?"

Grieks: ἤλι ἤλι, λαμαὶ σαβαχθανὺ

Hebreeus: אֱלֹהֵי אֱלֹהֵי לָמָּה עָזַבְתָּנִי

Dit is drie uur die middag van die eerste Goeie Vrydag. Voor ons sien ons 'n ongewone gesig. Dit is 'n onherhaalbare toneel.

Jesus Christus hang aan die kruis van Golgota!!

Sedert die middel van die dag, toe die son op sy helderste moes skyn, is dit donker. En uit daardie duisternis kom daar die donkerste van alle donker uitroepe.

In daardie middernagtelike middag sing Jesus "die Psalm van Golgota", die Klaagpsalm 22:2: "My God, my God, waarom het U My verlaat?"

Verlaat

Die eerste Adam — en saam met hom die ganse mensdom — het God verlaat. En kyk nou wat gebeur aan die kruis met die tweede Adam: *God verlaat Hom!*

Maar hierin sien ons juis die genade van God: Die oorspronklike verlater word nie verlaat nie. Christus word plaasvervangend verlaat.

Die mens verbreek die gemeenskap met God. Die mens is 'n verbondsbreker. Maar nou behandel God vir Christus asof Hy 'n verbondsbreker is. Hy laat Christus wegsink in die vereensaming van die hel — sonder dat Hy dit hoegenaamd verdien. Die straf vanweë ons sonde het Christus getref.

Christus is deur God verlaat sodat ons wat waarlik in Hom glo nooit meer deur Hom verlaat sou word nie.

Troos

Is dit nie 'n wonderlike troos nie? Jy kan seker wees dat God jou nooit sal verlaat nie. Christus was in jou plek verlaat.

- In jou ouderdom
- Onder die kwaaieste aanvalle van die Satan
- Wanneer jy gebuk gaan onder 'n vlag van depressie
- Wanneer jy "eensaam" op die grens of in 'n koshuis of in 'n ouetehuis sit.

— dink dan weer daaraan: Christus was van God verlate, en daarom sal ek nooit van God verlate wees nie!

Uit die donker

Christus roep uit die donker. Die son se strale kan nie deurbreek daar op Golgota nie. Dit is té donker. Die son se strale is te swak om hierdie duister te verbreek.

Hierdie roep van Christus laat die son weer helder skyn. Sy roep skeur die wolke stukkend.

Hierdie roep — ja, dit kom uit die hel (dink daaraan) — is so kragtig dat dit 'n lig laat skyn wat die donkerste donker verdryf. Hierdie roep laat ook die donkerste donker in jou lewe opklaar.

Ps. 27:1:

"Die Here is my lig en my heil."

Ps. 74:16:

*"Ons is omring deur skrik en duisterheid:
uit donker plekke loer die onheilsmagte.
Maar bo ons skyn die helder sterre wagte
van u verbond, waarop ons voor u pleit."*

Oorwin

Al het God vir Christus verlaat — omdat Hy Gó d nie verlaat het nie, kon Hy die hel oorwin. Hy wat sonder sonde was, het die ewige dood ingegaan, maar juis omdat Hy sonder sonde was kon Hy die ewige dood oorwin.

Ons sien hierdie pragtige, troosryke rolomkering:

- Hy was dood sodat ons kan lewe.
- Hy was in die hel sodat ons in die hemel kan kom.

Hy het uitgeroep: "My God, my God, waarom het U My verlaat?" sodat ons kan sing Ps. 91:2

*"Maar ewige vleuels sweef oor jou,
geruis van reuse vlerke,
rondom jou is Gods ewige trou,
die harnas van die sterkte."*

Ds. A. H. Grove.